# SONDAGSKOOL LES: Die hemel is 'n gratis geskenk

**Doel van les:**

- Voordat ons kan leer van ons nuwe identiteit in Christus, moet ons eers stil staan by wat Christus vir ons kom doen het. Vandag gaan ons gesels daaroor dat dit onmoontlik is om op ons eie in die hemel te kom.

Verlede week het ons begin gesels oor 'n nuwe identiteit hê in Christus. Ons kry hierdie nuwe identiteit deur Jesus en wat Hy vir ons gedoen het. Voordat ons kan verder gesels oor hierdie nuwe identiteit en wat dit beteken, gaan ons eerstens moet verstaan presies wat Jesus vir ons kom doen het.

**Ysbreker: Wat sal ek doen om in die hemel te kom:**

- Gee vir elke groep die Wat sal ek doen om in die hemel te kom uitdeelstuk. Hulle moet nou in die groep besluit en dan die vereistes nommer van 1 tot 10 met 1 wat vir hulle die belangrikste ding is om te doen om in die hemel te kom deur na 10 wat die minste belangrik is.

Kry terugvoering.

**Groepwerk:** Lees Efesiers 2:8-9 in die groep.

- As julle die lysie vergelyk met die teksverse, wat kom julle agter oor hoe om in die hemel te kom? (Alles op die lysie is belangrik as kinders van God en ons moet probeer om hierdie dinge te doen. Al doen ons al hierdie dinge perfek kan niks wat ons doen ons die reg gee om hemel toe te gaan nie, want die hemel is 'n gratis geskenk. As jy iets moes betaal of iets moes doen, sou dit nie 'n geskenk wees nie).

Kry terugvoering.

**Sê:** Gedurende Jesus se tyd op aarde, het baie mense Hom hoor praat oor die Koninkryk van God en die ewige lewe in die Hemel. Dit was duidelik dat die lewe op aarde baie anders is as die lewe wat Jesus van gepraat het. Eendag, het 'n ryk jong man na Jesus gekom om te hoor wat hy kan doen om in die Hemel te kom. Ons gaan bietjie lees wat gebeur het.

**Groepwerk**: Lees Mattheus 19:16-26

Vrae in groepe:

1. Die ryk jong man het gesê dat hy al die gebooie onderhou wat Jesus opgenoem het. Hoekom dink julle het hy dan steeds gevra wat hy nog kort kom? (Hy was bewus daarvan dat iets hom terughou).
2. Hoekom het die jongman so hartseer weggegaan van Jesus af? (Hy was baie ryk, maar belangriker as dit, hy het geweet dat hy nie sou kon doen wat Jesus voorgestel het nie).
3. Beteken dit dan dat as jy ryk is jy nie hemel toe kan gaan nie? (Nee).
4. Wat het dan verhoed dat hierdie man die ewige lewe verkry? (Die man was liewer vir sy geld as vir Jesus. Hierdie liefde vir sy geld het hom verhoed om sy vertroue in Jesus te plaas en Hom te volg in gehoorsaamheid. Sonder Jesus, kan niemand die geskenk ontvang van die ewige lewe nie).

Kry terugvoering.

**Aktiwiteit: Die Prys is reg**

Koop 8 items of kry goedkoop items rondom die huis soos 'n bottel lyfroom, spons, lekkergoed, seep, pakkie sop ens. Skryf die werklike prys van die items in swart koki aan een kant van 'n groot kaartjie. Aan die ander kant, in rooi koki, skryf 'n bedrag wat bietjie duurder of bietjie goedkoper is as die regte prys. Probeer om helfte van die geskatte pryse hoër en helfte laer te hê. Maak 'n kaartjie vir 'n Bybel ook met die prys wat die Bybel werklik kos aan die een kant en die geskatte waarde effens hoër. Skryf Hemel op 'n groot blaai met die regte waarde wat R0 is en die geskatte waarde wat R10, 000 is.

Stal al die items uit in 'n ry op 'n tafel met die Bybel wat in die negende posisie is en die Hemel in die tiende posisie. Die bedrae wat in die rooi koki geskryf is, moet na die kinders wys.

**Wat jy gaan doen:**

Gee vir elke groep die uitdeelstuk vir die speletjie. Soos jy na die eerste item wys, laat die kinders besluit of die item se prys hoër of laer is as die prys wat aangedui is. Laat hulle dit dan merk op die regte plek op hul uitdeelstuk. Sodra hulle hul keuse gemaak het, draai die kaartjie om om die regte prys aan te dui en kyk of hulle reg geraai het. So gaan die speletjie aan en die kinders moet telling hou van hoe goed hulle raai.

Kyk of die kinders by die Bybel reg kan raai en vra dan hoe goed die kinders sover met die speletjie gedoen het. Draai dan die prys van die Bybel om. Wat die kinders geraai het, maak nie regtig saak nie. Verduidelik dat selfs die Bybel 'n prys het en gekoop kan word.

Laastens, kyk of hulle kan raai of die werklike prys vir die hemel laer of hoër is as R10 000. Die prys van die Hemel is baie belangrik. Sê vir die kinders om nie net teen die plakkaat vas te kyk nie, maar dit raak te sien as die regte ding. Dit kan gebeur dat van die kinders raai dat die

koste veel hoër is as R10 000.  Soos jy die kaartjie omdraai om die werklike prys van R0 te wys, verduidelik dat die Hemel heeltemal verniet is.  Het iemand die antwoord reg gekry?

Vandag het ons geleer dat die Hemel nie verdien kan word nie.  Dit maak nie saak hoeveel geld ons het nie, of hoe wonderlik ons is nie, ons kan die Hemel nie koop nie.  Dis 'n gratis geskenk.

**Sluit af met gebed in groepe.**

Wat is die belangrikste dinge om te doen om in die hemel te kom.  Skryf 'n nommer van 1 tot 10 neer langs elke stelling neer soos jy dink gepas is, met 1 wat vir jou die belangrikste is en 10 sal die minste belangrik wees.

- Gehoorsaam die Tien Gebooie;
- Luister na my ouers, maak nie saak wat nie;
- Gaan elke Sondag kerk toe, al voel ek nie lus nie;
- Wees altyd vriendelik met die mense wat rondom my is;
- Gee vir die armes en ander wat hulp nodig het;
- Doen uitreike;
- Doen die beste wat ek kan in die skool sodat ek goeie punte kry;
- Lees my Bybel elke aand;
- Bid elke kans wat ek kry;
- Doen nie dinge wat ek weet verkeerd is nie.

Wat is die belangrikste dinge om te doen om in die hemel te kom.  Skryf 'n nommer van 1 tot 10 neer langs elke stelling neer soos jy dink gepas is, met 1 wat vir jou die belangrikste is en 10 sal die minste belangrik wees.

- Gehoorsaam die Tien Gebooie;
- Luister na my ouers, maak nie saak wat nie;
- Gaan elke Sondag kerk toe, al voel ek nie lus nie;
- Wees altyd vriendelik met die mense wat rondom my is;
- Gee vir die armes en ander wat hulp nodig het;
- Doen uitreike;
- Doen die beste wat ek kan in die skool sodat ek goeie punte kry;
- Lees my Bybel elke aand;
- Bid elke kans wat ek kry;
- Doen nie dinge wat ek weet verkeerd is nie.

Die Prys is reg speletjie

| Item | Laer | Hoër | Regmerk vir regte antwoord | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | | | | |
| 3 | | | | |
| 4 | | | | |
| 5 | | | | |
| 6 | | | | |
| 7 | | | | |
| 8 | | | | |
| 9 Bybel | | | | |
| 10 Hemel | | | | |
| | | | | |